

# Witzenberg Herald

Volume 21 no. 22

Friday, June 8, 2018

R6.20



Tannie Ella  
van Ceres  
Tuiste word  
100!



Museumroete stel nuwe  
webtuiste bekend

Witzenberg Herald vier vanaar hul 21ste bestaansjaar

Telephone: (023) 316-2021

Fax: (023) 316-2023

Editor: 082-468-2649



CERES

Building Blocks • Plaster Bricks  
Face Bricks • Sand • Stone  
Pavers • Vibracrete

**E-COBRIK**  
STOCKIST

## Nduli-boere kry hul eie plas

OP Dinsdag 29 Mei is die geskiedkundige oordrag van die plaas Daytona in die akteskantoor geregistreer.

Die nuwe eiensaar van Daytona is Thembelitsha Farming (Pty) Ltd. Die meerheidsaandeelhouer van Thembelitsha Farming is 'n maatskappy bestaande uit 11 swart boere van Nduli. Die ander aandeelhouer en kommersiële bestuurder van Thembelitsha Farming, is Elandsrivier Boerdery. Die afgelope Sondagmiddag is die titelakte van die 228 hektaar piaas, wat die Daytonadam insluit, aan die aandeelhouers oorhandig.

Groot dankbaarheid en opgewondenheid oor 'n nuwe toekoms is deur een van die direkteure, Ruth Yisa verwoord: "We have travelled this road with PALS since 2015 and today we can see where it has brought us, to a great legacy and a bright future for us and our families."

Thembelitsha het reeds 6 hektaar knofel gevestig en daar word beplan om 'n gemengde boerdery met vrugte, lusem en ander gewasse op die grond te vestig. Stefan du Plessis van Elandsrivier het sy dankbaarheid uitgespreek vir die geleentheid om in 'n gees van samewerking, deel te kan

wees van hierdie projek. Hy het ook terg opgemerk "die harde werk om van hierdie projek 'n sukses te maak, begin nou".

Die transaksie was 'n paar jaar lank vertraag weens 'n hoofappel deur een van die vorige eienaars en daarna moes daar ook tyd begin word aan die staat wat 'n voorkoopreg op die grond gehad het. Na meer as drie jaar se gesprekke en aksies kon eienskap aan Thembelitsha Farming, wat Nuwe hoop beteken, oorgedra word.

Toen Gerrit van Vuuren Sondagmiddag die titelakte oorhandig, was die gevoel van hoop en 'n nuwe begin, bykans tasbaar. Aandeelhouer Zamekile Kalo het as volg reageer: "I thank God who brought us on this journey with PALS, we will continue together with our partners and PALS trusting God to bring us to success with our venture". Lennox Plaatjies het namens Witzenberg PALS gesê: "Die Thembelitsha-projek is 'n voorbeeld van wat bereik kan word waardoor vertroue, wederydse respekte, samewerkings en 'n verbintenis tussen swart opkomende boere en hul wit kommersiële venoot is om grondhervorming tot almal se voordeel, te implementeer".



OP Dinsdag 29 Mei is die geskiedkundige oordrag van die plaas Daytona in die akteskantoor geregistreer. Die nuwe eiensaar van Daytona is Thembelitsha Farming (Pty) Ltd. VOOR: Day Ngwane, Monica Mokataka, Tommy Mona, Langman Jeka (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Gerrit van Vuuren (Joubert Van Vuuren Inc), Ruth Yisa (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Zamekile Kalo (direkteur: Daytona Farming (Pty) Ltd), Nozabathini Nkamana, Michael Mkwanya en Fazeka Majiki (PALS). AGTER: Lennox Plaatjies (PALS), Michael Nyadhu, Sicelo Mbargula, Stefan du Plessis (direkteur en mentor: Elandsrivier Boerdery (Pty) Ltd), Tamsanqa Tinta en André Lotz (direkteur: Thembelitsha Farming (Pty) Ltd).